# Hoofstuk van die dag: 1 Kronieke 16

> *Hierna is almal huis toe, en Dawid het teruggegaan om sy gesin te seën. (1 Kron 16:43)*

Nadat die ark in Jerusalem aangekom het, het Dawid begin met ’n uitgebreide program om die aanbidding weer op koers te kry.

Tydens die jare wat die ark onder Filistynse beheer was, was normale godsdienstige aanbidding nie moontlik nie; ook omdat Silo, waar die ark gestaan het, verwoes is (1 Sam 4). Die nekslag was toe Saul die hele priesterfamilie by Nob tereggestel het (1 Sam 22). Daarmee het die amptelike offerdiens tot stilstand gekom.
Dawid het twee dinge gedoen: hy het die offerdiens weer aan die gang gekry onder leiding van priester Sadok in Gibeon (vers 39-40), en die Leviete, wat nou nie meer die taak gehad het om die ark en tabernakel rond te dra nie, het hy herorganiseer as poortwagte en tempelsangers (vers 37-38).
Te midde van dié bedrywighede het hy nie sy gesin afgeskeep nie. Nadat hy die volk geseën het en getrakteer het met eetgoed (vers 2-3), het hy na sy huis gegaan om ook sy gesin te seën en met hulle fees te vier (vers 43).
Al is jou program ook hóé vol, moet daar tyd wees om saam met jou gesin voor die Here te buig.


## Onlangse Bydraes

- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming
- Lot

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook

© Bybelkoerant 2018 – 2026